# HEBREËRS 12: 18 – 29

Tema: **'n ONTMOETING MET GOD**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

## SKRIFVERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: HEBREËRS 12:18-29

**Heb 12:18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm**
**Heb 12:19 en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie—**
**Heb 12:20 want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.**
**Heb 12:21 En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder.**
**Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,**
**Heb 12:23 by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,**
**Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.**
**Heb 12:25 Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek.**
**Heb 12:26 Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe.**
**Heb 12:27 En hierdie woord: nog. een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly.**
**Heb 12:28 Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.**
**Heb 12:29 Want onse God is 'n verterende vuur.**

-o0o-

### VERANTWOORDELIKHEID

Hierdie gedeelte laat 'n mens besef hoe 'n groot (verskriklike) verantwoordelikheid aan ons gegee is.

**Heb 12:18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm**
**Heb 12:19 en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie—**
**Heb 12:20 want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.**
**Heb 12:21 En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder.**

In hierdie vier verse vat die Here in kort saam, die ontmoeting van die volk Israel met die lewende God by die berg Sinai. Hy vertel van die verskriklike vrees wat op die volk Israel gekom het wat, let wel, op daardie stadium **nie** in die Verbond was nie.

-o0o-

God het in Sy Almag gekom en Homself aan die volk ten toon gestel, as hierdie Heilige Almagtige Lewende God. Hy het Homself voorgestel in ***'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm en basuin geklank***. Die hoorders het luid gesmeek dat hulle dit nie wil hoor nie en vir Moses gevra om die berg op te gaan. Selfs 'n dier wat hierdie berg aangeraak het, moes ***gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word***. Selfs Moses, wat alreeds by die brandende doringbos (Ex 3:2) ontmoeting gehad het met hierdie God, het gesê dat hy verskrik was en gesidder het.

**ONTMOETING**
Die Here sê nou, dat dit waarmee Hy Hom nou openbaar, hulle ***nie gekom*** het by daardie ***tasbare berg*** Sinai nie (vers 18).

**Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,**

Dit waarmee hulle nou te doen het, is amper hoër outoriteit en gesag. Hulle het nou gekom, nie net met hierdie wat hulle gehoor het nie, maar hulle het nou die openbaring gekry van dit wat regtig is.

- Hulle het nou gekom by die volkomendheid.
- Hulle het nou gekom by die volbringing van hierdie verbond, wat in Christus Jesus is.

Al hierdie Verbonde in die ou Testament, was net dele heenwysings na Hom.

**Heb 12:23 by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,**
**Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.**

Wat Hy eintlik sê is **dat** daardie vreeslike ontmoeting wat die volk by die berg Sinai, in God se Heiligheid en Almag gehad het, alles net 'n heenwysing was na die verskriklike God waarmee ons te doen het. Nou het hulle te doen met die volledige produk waarna hierdie dinge verwys het. Hierdie produk is nou tot vervulling gebring.

- Hierdie verbond is nou tot vervulling gebring in Christus Jesus.
- Hy sê dat ons nou by Christus, die Middelaar van die nuwe Testament ***en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel,*** gekom het.

**WAARSKUWING**
Ons kan nie godsdiens speel nie mense. Sommige mense gaan maar net Sondae kerk toe, betaal maar 'n paar Rand en dan gaan bêre hulle die Here onder in die bedkassie. Ek weet nie wanneer die Here regtig die mensdom gaan skud nie, want as ek hierdie goed lees, kom die vrees van die Here meer op in my. Gedurende hierdie week, het 'n broer my gekontak en gesê dat hy hierdie goed met vrees en bewing lees, want hy vrees Sy oordeel. Hy vrees die dag wat hy aan die verkeerde kant van hierdie God staan. Godsdiens het gemaak dat die evangelie 'n lamsakkige, pap broek evangelie geword het, met ***die slap hande en die verlamde knieë***.
**Heb 12:12 Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op;**

Die Here se genade is altyd groot oor ons, maar die Bybel sê vir ons duidelik dat Hy op 'n stadium nie meer genadig gaan wees nie. Wat gaan dan gebeur?

- Is ons binne in die ark of is ons buitekant die ark?

Ons kan nie met die Lewende God speletjies speel nie. Hy is nie 'n persoon (iemand) nie.

- Hy het 'n lewende almagtige Verbond daargestel.
- Die bloed van Sy Seun het hierdie Verbond verseël.
- Hy het die bloed van Sy Seun gebruik om die prys te betaal.
- Hy het Sy Seun as loën gegee vir die wat in die Verbond is.

-o0o-

Dit is die prys wat ons sal ontvang, maar wat maak ons daarmee?

- Is ons besig om ons eie storie te maak?
- Is ons besig om hierdie evangelie te verdraai, sodat die vlees in beheer kan wees?
- Word daar plek gemaak vir die vleeslike begeertes in hierdie evangelie, sodat God net moet verstaan wat my belange is?
- Moet die Here aanpas by hierdie goue kalf godsdiens?

**Heb 12:25 Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek.**

Hy gee 'n waarskuwing dat ons moet ***Pas op***!

Nou kom ek weer terug na die hartseer toe. Sewe-en-dertig mense het my al van hul selfoon se kontaklys verwyder (ge-delete) omdat ek hierdie boek Hebreërs aan hulle verduidelik het. Ek kan dit op geen ander manier verduidelik, as met die vrees van God op my nie, want dit is 'n lewende Verbond.

- Die bloed van Jesus getuig in hierdie Verbond.
- Die bloed van Jesus gaan met of teen my en jou getuig.

Daarom sê hy ***Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie;*** Dit is 'n verskriklike Woord.

**GETUIES**

Kom ons kyk wie almal getuig in die hemel van hierdie Verbond.

**Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,**

- Die lewende God getuig,
- die hemelse Jerusalem, die Bruid, getuig en
- tienduisende engele getuig

**Heb 12:23 by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,**

- Dit is daardie wolk van getuienisse waarvan ons vroeër gelees het wat alreeds daar is (Heb 12:1).
    - Hulle wat getuig van die opstanding, die oorwinning en die Verbond.

**Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.**

Kyk hierdie klomp getuienisse wat daar is, wat getuig van die Verbond. As ek en jy nie in hierdie Verbond is nie, het ons moeilikheid. Here help ons!

Die mense wat nie wou hoor toe die waarskuwings gekom het nie, is ***húlle*** wat ***nie ontvlug het nie***. Waar pas jy in?

- Pas jy in by die wat die waarskuwing ontvang het, of pas jy in by die wat dit nie ontvang het nie?
- Was die vlees groter as die gees?

**SKUDDING**

**Heb 12:26 Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe.**

Dit is die skudding wat gaan kom. In Haggai 2 sê Hy dat Hy dit nog eenmaal gaan skud. Waarop is jou fondasie gebou? Jy hoor nooit meer dat geestelike leraars praat van die skudding nie. Jy hoor nie dat hulle praat oor die Oordeel nie. Hoekom nie? Ja daar is miskien so hier en daar een, maar ek het lanklaas een gehoor praat daaroor. Mense wil nie hoor van die skudding wat gaan kom nie en as jy daarvan praat dan blok hulle jou.

- Die Oordele van God is net so 'n groot werklikheid soos Sy liefde.

-o0o-

Dit hang af watter kant ons staan. Hier sê Hy baie duidelik. Hy gaan die aarde skud! Nie net die aarde nie maar die hemel.

**Heb 12:27 En hierdie woord: nog. een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly.**
**Heb 12:28 Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.**

Hoe lewe ons hierdie Verbond uit? Hoe lewe ons die ontvangs van hierdie ***onwankelbare koninkryk***, hierdie bloedlyn, hierdie Verbond uit?

- Deur God ***welbehaaglik*** te dien met ***eerbied en vrees***.

**SELFONDERSOEK**

Dan sluit hy die hoofstuk af met sulke vreeslike woorde

**Heb 12:29 Want onse God is 'n verterende vuur.**
Jesus vertel die gelykenis van die vuur waarin alles gegooi sal word. Dit wat hout en klei is sal verbrand word, maar goud en silwer word gelouter.

Aan watter kant staan jy vanmôre? Aan watter kant staan jy regtig? Daar is nie 'n ander plek as om in die Verbond te wees nie. As jy nie in die Verbond is nie, is jy outomaties buitekant dit. Hierdie week het ek vir iemand gesê dat ons almal buitekant die Verbond in sonde gebore is. Ons is almal in die vlees gebore. Christus Jesus het vir ons die vloek geword. Hy het vir ons die prys betaal en versoening gebring, om in die Verbond te beweeg. Daar is nie 'n ander plek nie. Om Sy ware kerk, Sy bruid, Sy liggaam, Sy gemeente te word is dit net in die Verbond. Daar is nie 'n ander manier of plek nie. Enige iemand wat 'n ander evangelie verkondig, is 'n leuenaar uit die hel uit.

- Daar is net een plek en dit is die Verbond.

Daar is nog net een hoofstuk oor. Jy kan nou hierdie hele boek Hebreërs lees en jouself ontleed. Laat die Heilige Gees vir jou wys of jy in hierdie Verbond staan of buitekant. Hoevêr is jy?

- Is jy besig om hierdie verbond tot vervulling te bring in jou lewe, of is jy maar nog steeds soos die wat nie getugtig wil word nie?

Vanmôre se lering het gegaan oor die tugtiging en die ontslae raak van die vleeslike dinge. Die vleeslike dinge het te groot in ons lewe geword. Ons sê ons dien die Here, maar dien ons Hom ***welbehaaglik*** met ***eerbied en vrees***?

Om God welbehaaglik te dien moet jy Hom dien met alles wat in jou is. Jy moet meer in Hom sit as wat jy in enige iets in die wêreld sit. Jy moet jou volle wese, jou hele lewe en alles in jou verhouding met hom sit. Jy moet Hom **welbehaaglik dien met eerbied en vrees** want God die Almagtige is 'n verterende vuur.

Mag die Here elke oor seën wat vanmore hierdie boodskap hoor.

Amen.

-o0o-

## Skrifaanhalings in hierdie lesing


**Exodus 3:2** Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!
Exo 3:3 En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie.
Exo 3:4 Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek.
Exo 3:5 En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond.

**Hebreërs 12:1** Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,

**Haggai 2:6** Want so sê die HERE van die leërskare: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.
Hag. 2:7 Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskare.
Hag. 2:21 Spreek met Serubbábel, die goewerneur van Juda, en sê: Ek sal die hemel en die aarde laat bewe.

**Mattheüs 13:29** Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.
Mat 13:30 Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.

**1 Korinthiërs 3:11** Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.
1 Kor 3:12 En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—
1 Kor 3:13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.
1 Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;



**Exo 3:2** The Angel of the LORD appeared to him in a blazing flame of fire from the midst of a bush; and he looked, and behold, the bush was on fire, yet it was not consumed. (Amplified)

From an unused root meaning to *prick*; a *bramble:* - bush. (Braambos)

Heb 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;

**Why did God use a bramble bush?** The bramble bush represented Moses and represented us today -- thorny with flesh life, in the wilderness, and looking for life-giving water. He put His holy fire on that bramble bush and while it burned, it was not consumed. God offers this to each of us: a supernatural life where we can burn with the fire of God.

-o0o-